# Tygie-nuus

**15 September 2025**

**Webtuiste:** www.tygies.co.za | **Facebook:** facebook.com/Tygies | **E-pos:** admin@tygies.co.za

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**MAANDAG – 15 SEPTEMBER** | **Skolierpatrollie – Groep 5** | **Dag 3**

- Tennis (Oop A & -B en o/11A & -B: Seuns): Oefening — 06:30
- Tygie-ontwikkelingsakademie (dogters): Oefening — 06:30 – 07:10
- **Toets:** Wiskunde (gr. 4-7)
- Seniorkoor (2026): Oudisies (gr. 3) — Skooltyd
- Rugby (o/8-oorbrugging) — 13:20 – 14:15
- Krieket (o/12B): Wedstryd vs. L/s Menlopark (weg)
- Krieket (o/13B): Wedstryd vs. L/s Menlopark (tuis)
- Tennis: Liga — Sien Team App
- Krieket (o/13A): Oefening (krieketnette) — 14:00 – 15:30
- Krieket (o/12A): Oefening (veldwerk) — 14:00 – 15:30
- Hokkie (o/10: Seuns en dogters): Multifunksionele baan — 14:15 – 15:15
- Hokkie (o/11B en -C: Seuns en dogters): Multifunksionele baan — 15:15 – 16:15
- Krieket (o/9- en o/10-ontwikkeling): Oefening (krieketnette) — 15:30 – 16:30
- Hokkie (o/11A: Seuns en dogters): Tyger Valley College-astro — 16:00 – 17:00
- Hokkie (o/12B: Seuns en dogters): Multifunksionele baan — 16:15 – 17:15
- Minikrieket: Oefening (A-rugbyveld) — 17:00 – 18:00
- Hokkie (o/13A en -B: Dogters): Tyger Valley College-astro — 17:00 – 18:00
- Hokkie (o/13B-seuns): Multifunksionele baan — 17:15 – 18:15
- Hokkie (o/12A: Seuns en dogters & o/13A-seuns): Tyger Valley College-astro — 18:00 – 19:00

**DINSDAG – 16 SEPTEMBER** | **Skolierpatrollie – Groep 5** | **Dag 4**

- Sagtebal (o/10 en o/11): Oefening (pitching & catching) — 06:15 – 07:00
- Tennis (Oop A & -B en o/11A & -B: Dogters): Oefening — 06:30
- Tygie-ontwikkelingsakademie (seuns): Oefening — 06:30 – 07:10
- Krieket (o/9C): Wedstryd vs. L/s Menlopark (weg)
- Krieket (o/12A): Wedstryd vs. L/s Menlopark (weg)
- Krieket (o/13A): Wedstryd vs. L/s Menlopark (tuis)
- Sagtebal (o/10-o/13): Oefening — 14:00 – 16:00
- Minihokkie (o/9: Seuns en dogters) — 14:00 – 15:00
- Krieket (o/10A): Oefening (krieketnette) — 14:00 – 15:30
- Krieket (o/11A en -B): Oefening (veldwerk) — 14:00 – 15:30
- Minihokkie (o/8: Seuns en dogters) — 15:00 – 16:00
- Krieket (o/9A en -B): Oefening (krieketnette) — 15:30 – 17:00
- Krieket (o/8A): Oefening (veldwerk) — 15:30 – 17:00
- Minihokkie (o/7: Seuns en dogters) — 16:00 – 17:00
- Senior Revue-groep: Geen oefening

**WOENSDAG – 17 SEPTEMBER** | **Skolierpatrollie – Groep 1** | **Dag 5**

- Tennis (Oop C en o/11C, -D & -E: Seuns): Oefening — 06:30
- Tygie-ontwikkelingsakademie (dogters): Oefening — 06:30 – 07:10
- Seniorkoor (2026): Oudisies (gr. 3) — Skooltyd
- Skaak (gr. 1-3) in juffrou Celestine se klas (G4) — 13:15 – 14:00
- Rugby (o/8-oorbrugging) — 13:20 – 14:15

| WOENSDAG – 17 SEPTEMBER (vervolg) | Skolierpatrollie – Groep 1 | Dag 5 |
|---|---|---|
| • Krieket (o/9A): Wedstryd vs. L/s Menlopark (tuis) | | |
| • Krieket (o/9B): Wedstryd vs. L/s Menlopark (weg) | | |
| • Skaak (gr. 4-7) in juffrou Celestine se klas (G4) | | 14:00 – 15:00 |
| • Krieket (o/11A en -B): Oefening (krieketnette) | | 14:00 – 15:30 |
| • Krieket (o/10A en -B): Oefening (veldwerk) | | 14:00 – 15:30 |
| • Hokkie (o/10-dogters en o/12A-seuns): Multifunksionele baan | | 14:15 – 15:15 |
| • Hokkie (o/10-seuns en o/11A-dogters): Multifunksionele baan | | 15:15 – 16:15 |
| • Krieket (o/12B): Oefening (veldwerk) | | 15:30 – 17:00 |
| • Krieket (o/13B): Oefening (krieketnette) | | 15:30 – 17:00 |
| • Hokkie (o/11B en -C: Seuns en dogters): Tyger Valley College-astro | | 16:00 – 17:00 |
| • Hokkie (o/11A-seuns en o/13A-dogters): Multifunksionele baan | | 16:15 – 17:15 |
| • Minikrieket: Oefening (A-rugbyveld) | | 17:00 – 18:00 |
| • Hokkie (o/12B: Seuns en dogters): Tyger Valley College-astro | | 17:00 – 18:00 |
| • Hokkie (o/10 en o/11: Doelwagters): Tyger Valley College-astro | | 17:00 – 18:00 |
| • Hokkie (o/13A-seuns): Multifunksionele baan | | 17:15 – 18:15 |
| • Hokkie (o/12A-dogters): Multifunksionele baan | | 17:30 – 18:30 |
| • Hokkie (o/13B: Seuns en dogters): Tyger Valley College-astro | | 18:00 – 19:00 |
| • Hokkie (o/12 en o/13: Doelwagters): Tyger Valley College-astro | | 18:00 – 19:00 |

| DONDERDAG – 18 SEPTEMBER | Skolierpatrollie – Groep 1 | Dag 6 |
|---|---|---|
| • Sagtebal (o/12 en o/13): Oefening (pitching & catching) | | 06:15 – 07:00 |
| • Tennis (o/11C-dogters): Oefening | | 06:30 |
| • Tennis (Reserwes: Oop- & o/11-dogters): Oefening | | 06:30 |
| • Tygie-ontwikkelingsakademie (seuns): Oefening | | 06:30 – 07:10 |
| • Krieket (o/8A): Wedstryd vs. L/s Die Krans (tuis) | | |
| • Krieket (o/10A): Wedstryd vs. L/s Menlopark (weg) | | |
| • Krieket (o/11A): Wedstryd vs. L/s Menlopark (tuis) | | |
| • Sagtebal (o/10-o/13): Semifinaal | | |
| • Minihokkie (o/7: Seuns en dogters) | | 14:00 – 15:00 |
| • Krieket (o/9C): Oefening (krieketnette) | | 14:00 – 15:30 |
| • Krieket (o/9A en -B): Oefening (veldwerk) | | 14:00 – 15:30 |
| • Minihokkie (o/8: Seuns en dogters) | | 15:00 – 16:00 |
| • Krieket (o/12A en -B): Oefening (krieketnette) | | 15:30 – 17:00 |
| • Krieket (o/13A en -B): Oefening (veldwerk) | | 15:30 – 17:00 |
| • Minihokkie (o/9: Seuns en dogters) | | 16:00 – 17:00 |

| VRYDAG – 19 SEPTEMBER | Skolierpatrollie – Groep 1 | Dag 1 |
|---|---|---|
| • Tennis (Reserwes: Oop- & o/11-seuns): Oefening | | 06:30 |
| • **Markdag (graad 7)** | | |
| • Krieket (o/10B): Wedstryd vs. L/s Menlopark (weg) | | |
| • Krieket (o/11B): Wedstryd vs. L/s Menlopark (tuis) | | |
| • Krieket (o/13-aandliga): Wedstryd vs. Prestige College (tuis) | | |

| SATERDAG – 20 SEPTEMBER | |
|---|---|
| • Hokkie (o/10-o/13: Seuns): Wedstryde vs. L/s Die Poort | Sien Team App |
| • Hokkie (o/10-o/13: Dogters): Wedstryde vs. L/s Wierdapark | Sien Team App |
| • Minikrieket: Little Titans (tuis) | |
| • Bergfietsry: Grootfontein Bike Park | |



## BEGROTINGSVERGADERING MET OUERS

DONDERDAG **16 OKTOBER** OM **18:00**

Voorgestelde skoolgeld en -begroting vir 2026 (beskikbaar op die webtuiste **vanaf 25 September**)

## BOODSKAP VAN DIE BEHEERLIGGAAM-VOORSITTER

Ek kan dit self amper nie glo nie – volgende jaar is ek al tien jaar betrokke by Laerskool Tygerpoort. My reis het begin as ’n voorskoolse bulletjierugby-ouer, toe afrigter van ’n span propvol talentvolle klein seuntjies. My seuntjie was in my oë ’n regte resiesperd – soos wat elke sportouer glo van sy of haar kind in daardie eerste jare van sportdeelname.

Mettertyd het ek betrokke geraak by die skool se beheerliggaam – eers by fasiliteite, later by sport, en vandag dien ek as voorsitter. Ek deel hierdie pad nie om my eie storie te vertel nie, maar omdat ek hoop dat dit vir een ouer of een onderwyser iets kan beteken, dat jy jou eie reis deur die bril van ons skool kan sien en daaruit kan leer.

My grootste les het begin by my eie seun. Omdat ek self “groot rugby” gespeel het (soos ons dit gesien het in Delmas se 1ste span), het ek geglo ek weet waar hy moet speel en hoe hy bestuur moet word. Ek het nie altyd geglo dat die onderwysers en afrigters regtig elke dag opstaan met net die beste belang vir ons kinders in gedagte nie. Ek het gedink hulle weet nie wat my kind kan doen nie. Sonder dat ek dit besef het, het ek dit vir my seun moeiliker gemaak. Ek het sy liefde vir die spel uit sy hart begin wegneem. Hy het begin glo en praat soos ek en het naderhand respek vir sy afrigters verloor.

Eers toe ek gaan sit en regtig met oop oë begin kyk het na waarmee ek besig was, het dinge verander. Ek het besef ek is besig om my kind negatief te beïnvloed. Hy het dikwels in die B-span begin, omdat hy atletiek ook gedoen het en nie altyd die proewe kon bywoon nie. Eers toe ek besluit het om hom te ondersteun, om hom te leer aanvaar en saam oplossings te soek, eerder as skuld te gee, het hy begin groei. Hy het harder gewerk, respek getoon, en karakter begin bou. Voor ek my oë kon uitvee, was hy as twaalfjarige seun volwasse genoeg om besluite te neem wat hom eendag in die besigheidswêreld sal help – ’n wêreld waar ek nie sy baas kan bel en sy posisie namens hom opeis nie.

Ek het geleer dat ons as ouers soms baie skade kan aanrig sonder dat ons dit agterkom. Vandag se ouers is baie meer betrokke as wat ons eie ouers was. Ons sit langs die veld by proewe, ons skree saam, ons leef elke oomblik saam. Dis wonderlik, en ek geniet dit self, maar dit bring ook verantwoordelikheid: Ons kinders kyk hoe ons optree.

Ek gaan nie vir julle die geheim gee van hoe om die perfekte ouer langs die veld te wees nie, want daar is nie een nie. Wat daar wel is, is respek. Respek begin nie by jou kind, jou afrigter, jou onderwyser of jou hoof nie – dit begin by jouself. As jy eerste respek toon, beïnvloed jy almal rondom jou. Jou kind gaan dit sien en dieselfde doen – teenoor sy maats, afrigters en onderwysers.

Vandag wil ons almal eerste wees, die beste wees en die grootste hê, maar die lewe werk nie altyd so nie. Ons kinders gaan soms tweede kom, of soms nie die plek kry wat hulle wil hê nie. Daar is niks fout daarmee nie. Ons rol is om hulle te leer dat hul houding die verskil maak, dat elke keuse ’n reaksie het en dat dit ware volwassenheid verg om verantwoordelikheid vir keuses te aanvaar.

Ek sê elke dag vir my dogter: “Neem goeie besluite.” Ek leer haar dat sy soms stout gaan wees, maar dat sy moet weet dat sy verantwoordelikheid daarvoor moet aanvaar. Só leer ek haar dat ek nie altyd daar gaan wees om haar besluite te neem nie – en dat dit goed is.

Aan ons onderwysers wil ek vandag baie duidelik sê: dankie. Dankie dat julle elke dag opstaan, ten spyte van druk van die Departement van Onderwys én van ons as ouers. Dankie dat julle steeds glo in die waarde van elke kind. Julle maak ’n verskil, selfs wanneer ons dit nie altyd raaksien nie. Ek haal my hoed vir julle af.

Aan ons ouers sê ek: Staan ’n oomblik stil voor jy die volgende keer jou frustrasie op ’n afrigter of onderwyser wil uithaal. Staan vir ’n oomblik in hulle skoene. Dink aan die druk waaronder hulle leef, maar ook aan die passie waarmee hulle hul taak verrig.

Ons kinders is net kinders. Hulle gaan ons toets, grense druk en soms stout wees – en dit is gesond. Ons rol is om hulle te help verantwoordelikheid aanvaar, nie om elke fout namens hulle te regverdig nie. Só bou ons karakter. Só bou ons respek. Só bou ons ’n gemeenskap.

Vriendelike groete

Mnr. Chris Schutte
(BL-voorsitter)

## TYGIE-TONEELGROEP

Ons toneelgroep skitter vanjaar met uitsonderlike prestasies! Hulle het deurgedring na die Allegretto (FAK-) Toneelfees Finaal wat op 24 September in die Staatsteater plaasvind. Baie geluk aan elke lid van hierdie toneelgeselskap!

## LANDLOOP

Hier volg die uitslae van die SA-landloopkampioenskappe wat Saterdag 6 September plaasgevind het. Die Tygies het baie goed gevaar.

- Daniel Claasen (o/8) – 1 km; 16de; tyd 3:53
- Corlu Muller (o/10) – 2 km; 22ste; tyd 7:35
- Riané Nel (o/11) – 3 km; 40ste; tyd 12:36
- Connor Knoetze (o/11) – 3 km; 27ste; tyd 11:26
- JJ Coetzer (o/11) – 3 km; 77ste; tyd 12:08
- Joshua Viljoen (o/12) – 3 km; 11de; tyd 10:46
- Ryno Smit (o/12) – 3 km; 12de; tyd 10:50
- Zelinke Rossouw (o/13) – 3 km; 93ste; tyd 13:19
- Steph Beyers – Geval in die eerste 200 m en kon nie die wedloop voltooi nie.

Die o/12 Gauteng-Noord seunspan behaal ook 'n 1ste plek in hulle kategorie. Joshua Viljoen en Ryno Smit is deel van dié span. Ons is trots op ons landloopatlete!

## MARKDAG

Ons graad 7 EBW-leerders hou Vrydag 19 September hulle jaarlikse Markdag. Daar gaan heerlike stalletjies met opwindende speletjies en eetgoed wees. Bring asb. hope kontant en maak die spaarvarkie leeg, anders gaan jy uitmis! Kom ondersteun asb. ons **graad 7's** om hul **Markdag** 'n groot sukses te maak.

## LENTESOKKIE (GRAAD 4-7)

Kom dans die kwartaal se moeg-wees weg met ons **Country-sokkie** op Dinsdag, 23 September.

- **Tyd:** 18:00 - 20:00 (gr. 4-6)
  18:00 - 20:30 (gr. 7)
- **Toegangskaartjies @ R100** en sluit 'n water, koeldrank en draairoomys in.
- Die snoepie is ook beskikbaar.
- **Kaartjies** kan d.m.v. die **d6 Connect App** onder die **projek**, **Sokkie (gr. 4-7)** gekoop word.
- Die **kaartjieverkope sluit Maandag 22 September** om **12:00**. Getalle moet gefinaliseer word, dus sal GEEN kaartjies na hierdie datum beskikbaar wees nie.
- Leerders sal hul kaartjies Dinsdag 23 September tydens huiswerkperiode ontvang. Leerders wat die dag afwesig is, kan dit die aand by die deure kry.
- Indien jy vir 'n maatjie 'n kaartjie wil koop, EFT die bedrag met die verwysing: **Koper (jou naam en van)** + **sokkie** in die skool se bankrekening.

## NASKOOL: VAKANSIEPROGRAM

**Vakansieprogram: 6 – 10 Oktober 2025** (Naweke en openbare vakansiedae is nie ingesluit nie.)

- Die koste:
  - Gratis vir leerders wat voltyds by die naskool ingeskryf is.
    (Ouers moet steeds vir dié leerders 'n inskrywingsvorm vir die vakansieprogram voltooi.)
    **LET WEL:** Leerders wie se **naskoolgelde agterstallig** is, sal nie die vakansieprogram kan bywoon nie.
  - **R150 per leerder per dag** vir leerders wat nie by die naskool ingeskryf is nie, asook ingeskrewe dag-besoekers.
- **Sluitingsdatum** vir inskrywings en betalings is **Dinsdag, 30 September. Geen laat inskrywings** sal aanvaar word nie. Leerders sal nie toegelaat word om die vakansieprogram by te woon as hul nie teen **Dinsdag 30 September** ingeskryf is nie.

Volg die **skakel** om die Google-vorm te voltooi en in te skryf: Inskrywingsvorm

## SPORT

Volg die skakel vir die uitslae (hokkie, krieket, sagtebal en tennis): Skakel

## OORGANGSTYD NA SOMERSDRAG

Die oorskakeling vanaf wintersdrag na somersdrag is vanaf 25 Augustus - 19 September.

## POM-POM OUDISIES VIR 2026

Ons is baie opgewonde om die nuus met julle te deel! Dit is weer tyd vir Pom-pom oudisies.

- Hierdie aktiwiteit is gemik op dogters in die **Grondslagfase (2026: graad 1-3)**.
- Daar kan slegs 'n paar dogters gekies word om aan hierdie aktiwiteit deel te neem.
- Geen ouers word toegelaat nie.
- Die dogters word 'n kort dansie geleer wat ons sal inoefen en waarvolgens ons keuring sal doen.
- Die dogters word volgens streng kriteria beoordeel wat bestaan uit: Spontaniteit, ritme, danstegniek, soepelheid, memorisering van bewegings, eie dans/bewegings en spanwerk.
- Indien u nie binne 'n week op 'n WhatsApp-groepie geplaas word nie, het u kind ongelukkig nie die span gehaal nie.
- Oudisies vind plaas op:
  - Woensdag, 15 Oktober: Graad 1-dogters van 2025
  - Donderdag, 16 Oktober: Graad 2-dogters van 2025
- Oudisies sal vanaf 13:20 tot 14:20 in juf. Nidia Coetzee se klas (K11) plaasvind.

Vir enige navrae, kontak asseblief vir me. M. Els (mels@tygies.co.za)







Pretoria Smile Orthodontics
PR No. 6401511
COMPLIMENTARY
DENTAL SCREENING
Screening done by an Oral Hygienist for possible Teeth Cavities, Gum Disease & Smile Assessment
Note: If x-rays are needed, there will be extra charges. Does not include any treatment that needs to be done.
Please provide a valid Voucher to qualify.
To redeem, simply call or email to schedule an appointment, mentioning 'Dental Screening Voucher '
Pretoria East Practice (Lombardy Business Park)
Tel: (012) 809 1911
Cell: 076 592 8894
admin@pretoriasmile.com
www.pretoriasmile.com
VALID TILL 31/09/2025
GET YOUR BEST SMILE
Voucher


Is jy op koers met jou aftreebeplanning en spaarfonds vir jou kinders se studies?
Kontak my vir 'n GRATIS Welvaart assessering
PSG Wealth Pretoria Oos
Ons dienste sluit in:
• Omvattende finansiële – en aftreebeplanning
• Portefeuljebestuur
• Beleggingsbestuur
• Volle Aandele Makelaarsdienste
• Werknemersvoordele
• Lewens- en Risikodekking
• Fidusiêre Dienste - Boedelbeplanning en Testamente
PSG Kantoor van die jaar 2024/2025
13 keer wenner
Kontak my vir kundige finansiële advies:
Lorika Steyn CFP®
Welvaart Adviseur
C 083 225 2695
T 086 177 4000
E lorika.steyn@psg.co.za
PSG Wealth Pretoria Oos
4de Vloer, Lynnwood Bridge Kantoorpark
4 Daventry Straat, Kaaimans Gebou,
Lynnwood Manor, Menlo Park, 0081
PSG Wealth Financial Planning (Pty) Ltd is 'n gemagtigde finansiële diensverskaffer. FDV 728
PSG Wealth



KAMEELDORING
HOUT
UIT
NAMIBIA
R120/20kg
0790867467
VAN KAALVOET
TOT
KAMPVUUR,
ONS HOUT HOU
LANGER...




TINA COWLEY
Silwer lakes
Tina Cowley
Leessentrum - Reading Centre
R385
30% afslag
Evaluasie
Ontdek die vreugde
van lees hierdie
seisoen
Slegs vir September
084 556 3121

16-18 Sept **Boekverkoping** 12:00-15:00

**NG Tygerpoort Teatre Voorportaal**



Jaco Jacobs
Fanie Viljoen
Wendy Maartens
en nog baie meer ...

**Little Books**

BABA & PEUTER NG TYGERPOORT SENTRUMS KLEUTER

**www.littlebooks.co.za**

'n Virtuele boekwinkel, met 'n hart en passie vir kinderboeke en persoonlike diens

Ons verskaf die volgende boeke:

- Kleuterboeke • Badboeke • Storieboeke
- Aktiwiteit en plakkers • Kinderboeke • Tieners
- Resepteboeke • Voorgeskreweboeke • Tippie
- Krok en Dil • Mediasentrum • Tuisskool
- Christelike boeke en bybels • Klasleesgidse

0827857987 - Jenny Nel - jenny@littlebooks.co.za

Little Books for little people

LAPA CMP nb UITGEWERS PUBLISHERS PAN MACMILLAN SOUTH AFRICA Protea

Kontant en Kaart

# AH STANDER
## & Agenbag Inc


Ons firma geleë in Faerie Glen, staan reg om jou te help met enige van die volgende probleme:

- ✓ Egskeidings
- ✓ Beskermingsbevele
- ✓ Gesinsgeweld
- ✓ Kinderhof Aansoeke
- ✓ Voogdyskap Aansoeke
- ✓ Verwydering van Kriminele Oortredings teen jou naam
- ✓ Kriminele Vervolging
- ✓ Saak openinge by SAPS
- ✓ Sekwestrasies
- ✓ Invorderings
- ✓ Uitsettings
- ✓ Litigasie

**KONTAK ONS**
**Tel: 012 991 2875**
**collections@ahslaw.co.za**

- **TYGIE ouers kry 25% afslag met die 1ste konsultasie. Gebruik jou afslag kode wanneer jy jou konsultasie bevestig - TYGIEAHS**





Ons kweek 'n
LIEFDE
vir LEES
Little Readers
and Pre - Readers
CREATING A LIFELONG FOR READING
3 - 13
jaar
082 926 6066 silverlakes@littlereaders.co.za
www.littlereaders.co.za




Mini Meesters
leersentrum
WISKUNDE & TALE GRAAD 1-6
Ekstra klasse,
Huiswerkhulp,
Eksamenvoorbereiding
'n Gekwalifiseerde juffrou gee klas.
Klein klasgroepies.
Weeklikse hersieningswerkkaarte oor die werk wat in die klas gedoen word.
Eksamenboekies en -opsommings wat gebaseer is op jou graad se afbakening.
Direkte kommunikasie tussen ons en jou kind se juffrou.
Kontak Elizna :
066 290 9931
minimeesters@gmail.com



# WiNKEL
OP TYGERPLEIN



# Kom loer gerus in by ons Tygerplein Winkel.

**Boeke, geskenke en vele meer te koop.**

Boeke vir oud en jonk, boeke vir lekker-lees en inspirasie of ietsie wat dalk dieper delf in jou siel!

Kom koop vir jou 'n paar **Ek volg Hom! plakkies** vir slegs R180 per paar. Groottes 3-11

Nuwe **3D produkte** vir oud en jonk te koop by die winkel.




Winkel is geleë langs Kruisbande op die plein.



**Maandae - Donderdae: 13h00 – 16h00 | Sondae: 09h00 – 10h00**




# Sultans of Swing

*Gholfdag t.b.v. Liefdadigheid*
*(Tygerpoort Onderwys Trust)*

**Silver Lakes Gholflandgoed**
**Donderdag, 23 Oktober 2025**

| | |
|---|---|
| **PRYS:** | R8 000 per vierbal |
| **FORMAAT:** | "Betterball Stableford"<br>("Shotgun start"– 11h00) |
| **INGESLUIT:** | "Green fees", "Goodie bag", Karretjies, "Halfway House", Prysuitdeling-funksie en aandete |
| **BESPREKINGS :** | Christoff Ferreira: 082 925 4136<br>christoff@hrconnect.co.za |
| **BORGE:** | Borg 'n putjie teen R3 500<br>Enige ander finansiële borge en veiling-items is welkom |

ROSELLA
Style Inspired by Elegance

MBT PETROLEUM

Tygies weet

Sultans of Swing NPC,
FNB Lynnwood, 252045,
Business Cheque,
62701740533

Sultans of Swing NPC
Reg No 2017/195179/08